

## Agter 'n baard.

Hennie Aucamp

### MEMO

- 1.1. D OF trein. (1)
- 1.2. Sy vrou, Marina en sy seun, Bennie. (4)
- 1.3. Onwaar - Marina was een van baie meisies en vroue wat vir hul mans gewag het. (2)
- 1.4. Hulle neem net foto's van Marina. Hulle neem spesifiek foto's van Marina.
- 1.5. Marina is 'n paar maande swanger, en het 'n kind. (2)
- 1.6. Sy is 'n simbool van die vrouens en meisies wie se mans geforseer word om in oorloë te gaan veg, terwyl hulle die regeerings nie omgee dat die vrouens en meisies eensaam en alleen is en dat hulle swaarkry nie. (5)
- 1.7. Sy is mooi. (1)
- 1.8. Hy is net so mooi soos sy ma. / Hy het die fisiese eienskappe van haar gekry. (2)
- 1.9. Bennie sien sy pa eerste. (1)
- 1.10. C – Hy was vir lang tye in die son. (1)
- 1.11. D. (1)
- 1.12. Hy is bly om sy seun te sien. Hy het na sy seun verlang. (2)
- 1.13. Sy pa. Deon, se baard maak hom seer. (1)
- 1.14. Sy baard is hard en uitgedroog as gevolg van die omstandighede waarin Deon himself bevind het op die grens met die wind, weer en die son. (2)
- 1.15. Omdat Deon so lank weg was, is Marina veronderstel om liefvallig en liefdevol na haar man te kyk, maar sy doen dit nie. (2)
- 1.16. Hy het nou 'n baard en sy hou nie daarvan nie. (2)
- 1.17. Die leser moet tot sy / haar eie gevolgtrekking kom. / Die leser moet self verder dink. / Die leser moet sy / haar eie opinie vorm. (1)
- 1.18. EIE OPINIE soos: Daar is nie juis veel geriewe nie dus is dit makliker om maar nie te skeer nie. (2)
- 1.19. Sy stel nie regtig belang nie. Sy is nie regtig geïntreseed nie. (2)
- 1.20. Die skrywer gebruik die woord omdat Marina verwagting is en die woord pas by haar toestand. (2)
- 1.21. Die buik is 'n simbool van lewe en die uniform is 'n simbool van dood. (2)
- 1.22. Sy hare is kort – volgens weermag voorskrif. (1)
- 1.23. Oorlog veroorsaak vervreemding. / Bennie en sy pa is vreemdelinge van mekaar as gevolg van die oorlog. (2)
- 1.24. Hy wil sy hare laat groei. (1)
- 1.25. Hy wil die beeld van die soldaat wat hy het verander of afsud. (1)
- 1.26. Hy gaan dit nie doen nie. (1)
- 1.27. Dit is presies wat Deon op die grens gedoen het – na die vyand geloer van agter 'n bos. (2)
- 1.28. Hy stel nie belang nie. / Die baard pla hom nie. (1)

- 1.29. Sy wil Deon nie laat aanstoot neem oor haar beledigings nie. / Sy probeer om hom op mooi manier te oorreed die baard af te skeer. (2)
- 1.30. Die baard sukkel om te groei. Dit groei nie welig en eweredig nie. (2)
- 1.31. Die hele stad is daar om die manne van die grens af te verwelkom. (1)
- 1.32. "Ons vir jou, Suid-Afrika." (1)
- 1.33. Die is 'n vorm van indoktrinasie; die mans word tog net weer daaraan herinner waarvoor hulle al die mense doodgemaak en waarom hulle so lank van hulle families af weg was. (2)
- 1.34. Hy is by Marina en Bennie./ Hy is terug by se familie (vrou en seun) (1)
- 1.35. Sy pa was lank weg en het vervreemd van hom geraak. (1)
- 1.36. A en C. (2)
- 1.37. Hy wil haar hare ruik en sy asem oor haar nek blaas. (1)
- 1.38. Dit pla haar dat hy daar toenadering soek maar tog vind sy dit nie onaagenaam nie. (2)
- 1.39. ...
- 1.39.1. B.
- 1.39.2. A.
- 1.40. Onwaar - nie so goed soos destyds met Bennie nie. (1)
- 1.41. Hy wil sien dat Deon beheer neem. / Hy wil sien dat Deon die man in die huis is. / Hy wil sien dat Deon 'n sterk karakter het. (1)
- 1.42. C en D. (2)
- 1.43. Hy soek aandag. (1)
- 1.44. Bennie druk met sy vinger teen Deon se neus. (1)
- 1.45. Hy is emosioneel. (1)
- 1.46. Hy het sy familie verskriklik gemis. (1)
- 1.47. Hy gaan bad. (1)
- 1.48. Die ete; vars blomme vir die tafel; Bennie se ete. (3)
- 1.49. Dit is asof Deon sy ervarings op die grens agter die baard wegsteek. (1)
- 1.50. Sodat sy Deon kan troos. (1)
- 1.51. A. (1)
- 1.52.

## Brief B

*Liefste Marina*

*Ek het jou vorige brief gekry, maar kon dit eers heelwat later lees omdat ons in die Noorde van Ovamboland was.*

*Ons was daar in 'n konfrontasie en 4 van ons soldate was doogeskiet maar ons het weerwraak geneem en 15 SWAPO terroriste doogeskiet en toe 'n nedersetting opgeblaas. Ek het opgegooi toe ek al die lyke en die bloed sien.*

*Ek sal volgende keer meer skryf oor die oorlog waarvan ek eintlik glad nie deel wil wees nie.*

*Liefde groete.*

*Deon.*

- 1.53. Sy hoop hy het sy baard afgeskeer. (1)
- 1.54. ...
- 1.54.1. C – weerloos.
- 1.54.2. E – sensitief.(2)

- 1.55. C. (1)
- 1.56. Hy het nie sy baard afgeskeer nie. (1)
- 1.57. ....
- 1.57.1. "Skat, dis net of jy 'n masker dra."
- 1.57.2. "Ek dog ek gaan jou van aangesig tot aangesig sien."
- 1.58. 'n Mens kan sien wat Marina se swakheid is. / Sy wys haar swakheid. (1)
- 1.59. Hy sal nagmerries kry. (1)
- 1.60. Want daar is drie, vier stywe doppe geskink uit 'n bottel wat so pas oopgemaak is. (2)
- 1.61. Hy is nie 'n alkoholis nie. (1)
- 1.62. Sy wil bed toe gaan. / Sy wil gaan slaap. (1)
- 1.63. Sy voel bedreig en bedruk want Deon is vir haar 'n vreemdeling en die baard help nie juis nie. OF IETS SOORTGELYKS. (2)
- 1.64. Hy was weg en het swaar gekry en was alleen. (3)
- 1.65. Onwaar – "Deon skud sy kop." / "'n Mens verleer om te eet." (2)
- 1.66. Onwaar – "Nie vanaand nie." (2)
- 1.67. B and C. (2)
- 1.68. Hy is ontsteld. (1)
- 1.69. 'n Dun nagrok. (1)
- 1.70. ....
- 1.70.1. A.
- 1.70.2. B.
- 1.70.3. A.
- 1.70.4. B. (4)
- 1.71. Sy is bang hy gaan haar slaan. (1)
- 1.72. Sy gebruik Bennie. Sy sê dat hy sal wakker word en skrik. (2)
- 1.73. Deon se baard. (1)
- 1.74. Deon se kyk. / Die manier hoe hy na haar kyk. (1)
- 1.75. Hy staan in die straatlig wat deur die venster val. (1)
- 1.76. Die ervarings waarvan sy briewe niks gesê het nie. (2)
- 1.77. Deon vertel vir Marina alles wat op die grens gebeur het. (1)
- 1.78. Onwaar – praat voort. (1)
- 1.79. ...
- EIE SIN oor "Bloed – taai en lou, met 'n souterige reuk". (2)
  - EIE SIN oor "Uitskeidings". (2)
  - EIE SIN oor "Braaksels". (2)
  - EIE SIN oor "Verrottende vlees". (2)
- 1.80 Die wreedheid en onmenslikheid van oorloë waar onskuldige mense doodgemaak word. / Oorloë skei families en veroorsaak vervreemding. / Oorloë het 'n negatiewe psigologiese uitwerking op almal wat dit raak. / Die onregverdige verwagting van regerings dat die mans in hulle land hulle oorloë moet gaan veg. (2)
- 1.81 Deon se baard. (2)